

23 Desember

Skrifgedeelte: Hebreërs 6:13-20
Fokusgedeelte: Hebreërs 6:18, 19

God waarborg wat Hy in sy Woord gestand doen

God het 'n belofte aan Abraham gemaak. 'n Mens sou dink dat dit genoeg is wanneer die Almagtige belowe. Natuurlik is dit genoeg, maar die Here wil sy kinders teen twyfelmoedigheid beskerm. Daarom het die Here by die belofte aan Abraham nog by Homself 'n eed ook gesweer.

Abraham het dus twee dinge gehad waaraan hy kon vashou, naamlik die belofte en die eed. Dit was 'n dubbele waarborg wat God aan Hom gegee het, sodat hy nooit sou twyfel nie.

Hierdie waarborg geld tot vandag toe vir God se kinders. Vers 18 sê hierdie waarborg is 'n kragtige bemoediging sodat ons kan vashou aan die hoop wat voorlê. Hierdie hoop wat voorlê, is al die beloftes van God wat by die wederkoms van Christus in vervulling gaan. Hierdie waarborg dat God sy beloftes gestand sal doen, is soos 'n vaste anker, sê vers 19. Dit is vas en veilig by God daar in die Allerheiligste van sy hemelse woning.

God waarborg dat ons die ewige lewe het en dit is vir ons 'n anker wat vas en seker is, want Christus hou die anker vas. Hy is die belofte in vlees en bloed. Hy het ons vrygekoop sodat niemand ons ooit uit God se hand kan ruk nie. Deur sy werk het ons die vaste belofte dat ons die nuwe aarde sal besit.

God wat sy Seun gestuur het, stuur ook vir ons sy Heilige Gees. Hy is die waarborg dat ons die ewige lewe het. Ons het 'n vaste anker wat niemand kan losruk nie, God waarborg dit deur sy Gees en Woord. In Christus sien ons hoedat God altyd doen wat Hy belof het en deur die Gees word ons herinner om vas te hou aan God wat sy Woord altyd gestand doen.

Ons lewe met baie onsekerhede, maar ons is nie mense wat onseker is nie. Wanneer jy lewe met die waarborg van God se beloftes en met die sekerheid van die ewige lewe, kan jy elke onsekerheid die hoof bied!

Sing: Skrifberyming 1-1 (24):6, 7

Ds. RA Bain (Cachet)